

Skriflesing: Jeremia 18:1-17

Tema: God is die Pottebakker en ons is die klei.

Het julle al iets probeer maak met klei? Jy het 'n baie goeie plan gehad van wat jy wil maak. Maar toe werk dit nie uit nie. En toe dit nie uitwerk nie, wat maak jy? Gooi jy die klei weg?

Nee! Jy begin weer van voor af!

God doen dit ook met ons.

Die Here beveel Jeremia om na die pottebakker se huis toe gaan. God sal daar met Hom praat. Toe hy by die pottebakker se werkwinkel instap, was die pottebakker juis besig om iets op die skyf te maak. Ten spyte van sy groot moeite om van die klei iets moois te maak, het die pot nie die vorm aangeneem soos wat die pottebakker beplan het dit sou nie... sy projek het misluk!

Maar die pottebakker het nie die klei weggegooi nie. Hy het die klei gevat, dit weer sag en soepel geknie en van voor af met die pot begin – en iets anders gemaak presies soos hy dit wou hê.

Die Here lê self die beeld vir Jeremia uit.

Die Here is soos daardie Pottebakker. Israel is die klei. Ons is vandag die klei. Die Here weet wat Hy met die klei wil maak. As die klei nie word dit wat die Here daarmee in gedagte gehad het nie, vat Hy die mislukte stuk, brei dit van voor af en vorm die klei weer op die skyf totdat dit is wat Hy daarmee wou maak.

Wat leer ons uit hierdie verhaal?

1. Die Pottebakker is Almagtig.

Hy is die Pottebakker. Ons is die klei. Ons bepaal nie hoe ons gevorm en gemaak wil word nie. Soos klei in die pottebakker se hand, so is ons in Sy hand. Hy kan met ons maak net wat Hy wil!

Jesaja 64:8 stel dit mooi: *"U is ons vader, Here, ons is klei en U het ons gevorm, ons is almal die werk van u hande."*

God is deur al eeue lank besig om sy volk te vorm soos Hy hulle wil hê. As dit lyk of sy vormwerk misluk, is dit nie God se skuld nie.

Die fout lê by die klei. God gee altyd vir ons 'n keuse of ons wil laat vorm na Sy wil. Die Here se volk in die tyd van Jeremia wil hulle nie laat vorm nie. Hulle wil hulle eie pad loop.

Israel kies om te lewe soos hulle wil. God moet hulle net uitlos. Hulle sal self regkom.

Elkeen wil koppig sy eie sondige lewe lei.

Die volk het God vergeet en aan gode, wat nie bestaan nie, offers gebring.

Hulle het die pad waarop hulle die Here gedien het, verlaat.

Dieselfde dinge gebeur vandag nog.

God is met ons besig. Hy vorm ons soos klei in sy hande. Maar die hartseer is dat ons ook kies om nie gevorm te word na Sy wil nie. Ons *"kom nie altyd uit"* soos die Pottebakker ons wou hê nie, want ons maak verkeerde keuses. Ons wil nie in God se hande wees nie. Ons wil selfstandig wees. Ons kies vir sonde en teen God.

2. Ons as klei misluk omdat ons kies om God se doel met ons lewens te mis.

Wat is God se plan met ons as die klei?

Ek is nie hier om mooi te lyk nie. 'n Pottebakker in Jeremia se tyd het nie ornamente gemaak nie. Hy het gebruiksartikels gemaak. God het my gemaak om Hom te eer!!! Ons moet so leef dat alle mense sal weet en sien ek behoort aan die Here. Hulle moet sien en hoor ek is LIEF vir God en ek EER Hom.

As my lewe om myself draai, het dit misluk!!!

Die wêreld kan dalk dink dat my lewe 'n groot sukses is. Mense bewonder jou. Jy dink dalk self dat jy iets bereik het. Maar selfs die mens met die beste prestasies, die meeste mag of geld is 'n volslae mislukking in God se oë as GOD nie die fokus van jou lewe is nie.

Voel jy dalk dat ek oordryf? Gaan blaai dan weer deur die Bybel. Die boodskap is oral: God word nêrens voorgelê as die "middel" (die instrument) om ons begeertes te bevredig nie. God is nie die towenaar wat in ons diens staan om ons suksesvol te maak nie. Die lewe gaan nie oor my of jou nie. God is die "DOEL" van ons lewe!!! Ons moet Hom eer, liefhê en dien. As jy nie hierdie doel bereik nie, is jou lewe 'n mislukking!! Dit is juis wat sonde is: om God se doel met jou lewe te mis!

3. Die Pottebakker vorm en maak ons in liefde soos Hy ons wil hê.

Die troosboodskap is egter dat God ons nie sommer net sal weggooi nie. Hy het ons te lief. Hy hou ons in sy hande selfs al is ons krom en skeef. Hy wil ons nog 'n kans gee. Hy kan en wil altyd van ons iets beter maak.

Die Pottebakker begin telkens voor en oor. Hy vat 'n mislukte, lelike pot en brei dit in liefde weer van voor af om 'n nuwe beter pot te wees soos Hy dit wil hê.

MAAR daar is ook 'n waarskuwing: God gaan ons nie vir ewig saggies aanhou vashou en vorm nie. Ons moet ook 'n keuse maak wat gaan bepaal op watter manier Hy vir ons gaan vorm. Hy sê in Jer 18:6-10:

"Kan Ek nie met julle doen wat hierdie pottebakker met die klei gedoen het nie, Israel? vra die Here. Soos klei in die pottebakker se hand, so is julle in my hand, Israel.

Een oomblik kondig Ek aan dat Ek 'n nasie, 'n koninkryk sal afbreek, sal uitroei, sal vernietig.

Maar wanneer dié nasie hom bekeer van sy boosheid waaroor Ek hom wou straf, sien Ek af van die straf wat Ek oor hom wou bring, en die volgende oomblik kondig Ek aan dat Ek die nasie en die koninkryk sal bou en sal vestig. Maar wanneer hy doen wat verkeerd is in my oë en ongehoorsaam is aan My, sien Ek af van die goeie wat Ek aan hom wou doen."

Israel het baie kanse gekry, maar hulle *wou nie luister nie!!!* Uiteindelik het God ingegryp!!!

Hy het sy rug na hulle gedraai en hulle nie raakgesien nie

Jerusalem is verwoes en Juda is in ballingskap weggevoer. Maar selfs daar het God weer aan

hulle begin vorm.

Ons het net vandag. Ons moet nie uitstel nie. Hoor Jeremia se kragtige uitnodiging aan die volk/my en jou:

"Elkeen moet hom van sy verkeerde lewe bekeer

Maak julle lewe en julle daad reg!" (V11)

Kom terug na die Here. Bely jou skuld! Gee oor in die Pottebakker se hand!

4. Ons as klei moet oorgee in die Pottebakker se hand.

Dis dan dat die Here met ongekende liefde ons as klei weer soepel en glad brei. Hy maak van ons iets bruikbaar en waardevol.

Dit is hoe God by ons betrokke raak. Selfs as ons met al die dwase keuses wat ons maak misvorm aan die ander kant uitkom, dan sien Hy kans om elkeen wat hom of haar tot die Here bekeer, elkeen wat terugkom na Hom toe, weer geduldig onder sy hande te neem en iets besonders van jou te maak.

Dit is wie God is. Hy is die Pottebakker en ons is die klei.

Amen